durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

**16 – 30 April 2026**

### 12 April 2026, Biddag vir Gesondheidsdienste

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Leon Tait*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Saal)**<br>*Pieter Truter* *Geen Livestream* |

Deuroffer: Christelike Afhanklikheids-dienste (CAD)

### 19 April 2026

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Eric Swanepoel*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>*Dian Keyter* |

Deuroffer: Christelike Afhank-likheidsdienste (CAD)

### 26 April 2026

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Danie Murray* |

Deuroffer: Indiërsending Living Waters

### 3 Mei 2026, DOOP

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo* |

Deuroffer: Arbeidsbediening

### GEBEURE OORSIG:

10 April: Vrouekamp
12 April: Sensus '26 Bergsig
15 April: Personeel Retraite
17 April: Glow Sticks oorslaap
18 April: Uitreike: Blikskud Band
19 April: Sensus '26 Bergsig
20 April: Kerkraadsvergadering
21 April: Doopkategese
23 April: Seniors (Slegs lede)
24 April: Bybelstudie: Seniors
27 April: Vryheidsdag

1 Mei: Werkersdag
8 Mei: Kuns Oase & Regeneration Activation
10 Mei: Moedersdag
12 Mei: Doopkategese
14 Mei: Hemelvaart
15 Mei: Mannekuier
17-20 Mei: Pinkster Ds. DJ Muller



## #heelhartig

**of**

**Halfhartig?**

Daar is 'n verskil.
Ons hoor en weet God roep ons.
Ons weet Hy het aan die kruis vir ons gesterf om ons te verlos van ons sonde.
Ons weet die Heilige Gees is uitgestort en woon in ons.

Aanvaar ons dit heelhartig ❤ of halfhartig?

Sommer so met die blote oog kan ons sien die halwe hart bo kort iets. Daardie iets vind ons slegs in Jesus Christus.




Gelukkig hoef jy nie na Bethlehem te gaan soos Josef en Maria om getel te word nie.

Jy kan sommer net hier in Bergsig bly en ons help om jou besonderhede op te dateer.

Na 20 of 2 jaar in die gemeente … kon jou besonderhede al verander het.

Het jou adres, selfoonnommer, epos adres verander? Is jy intussen getroud en jou van het verander of is daar nuwe mense deel van jou huishouding? Of het jou kinders dalk weggetrek en is deel van 'n ander kerk?

Of weet jy van familie of vriende in ons gemeente wat verhuis het of dalk selfs oorsee bly?

Woon jy die kerk se dienste by, maar is nog nie as lidmaat geregistreer op die kerk se databasis nie?

**Dit is weer tyd om die kerk se databasis op datum te bring.**

**Kontak Ilse Frits by administrasie@bergsigdv.co.za** en laat weet haar van enige veranderings.

**In die voorportaal kan jy by die glasvenster van die voorkantoor jou besonderhede neerskryf dat sy jou ook kan terug kontak.**

# Vanuit die Uitreikkantoor …


## Geloofsgelofte-Offers (GGO) sê DANKIE!

‘n Groot dankie vir elke donasie, groot en klein, ontvang deur GGO en gesaai namens ons donateurs in die wêreld daar buite: naby en vêr. “Julle gawe is voor God ‘n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig” Fil.4:18. Dit dra veelvoudig vrug! Ons lees gereeld in die BB verhale van dank, hoop en verwondering oor God se voorsiening.

GGO is die voertuig waardeur die befondsing van alle uitreike/ bedieninge/ projekte en vennootskappe plaasvind.

Die GGO-projek in Bergsig bestaan reeds 29 jaar. Ons kon die afgelope finansiële jaar R1 008 138 verdeel.

**Die totale verspreiding van bogenoemde bedrag was as volg:**




Totaal aan projekte / instansies binne Suid-Afrika:
R 449 819 44.6%

Totaal Afrika (buite Suid-Afrika):
R 194 724 19.3%

Totaal Afrika (Suid-Afrika ingesluit):
R 644 543 63.9%

Totaal Ander Kontinente (Buite Afrika):
R 353 035 35.0%

Totaal ander ondersteuning en administrasie:
R 10 560 1.1%

**Groot Totaal**
**R1 008 138 100.0%**

Die GGO-verdeling per projek / instansie vir 2025/26 is beskikbaar vir belangstellendes by Pieter Truter, Bergsig se Uitreike-koördineerder.

Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie projek seën en instand hou ter ondersteuning van Sý Koninkrykswerk. *Magdalena Knoetze*








**27 Junie 2026**
**AKTUEEL**
**Hou die datum oop!**

**Daniel Shayesteh kom besoek Bergsig.**

**Voorheen radikale M*slem … vir jare nou al ’n radikale Christen. Oorspronklik van Iran. Hy kom breek ’n onbekende wereld oop.**

Daniël preek ook by Bergsig op 28 Junie om 9:00 die oggend in Engels. Sy boodskap is ongeveer 50 minute. Kom luister en verbreed jou geloofswêreld.









**Op 10 April 2026 het oom Danie Laubsher van ons gemeente sy 100ste verjaarsdag gevier.**



Op die foto is hy, sy vrou Susan en Ds. Mizelle Prinsloo by die verjaarsdag viering.

Verlede jaar het oom Danie een oggend sy kalender by die kerk kom haal en ons solank dié datum laat aanteken.

Hartlik geluk en wees geseënd.




**Kuns Oase - Bergsig Kerk**

**Kom raak deel van 'n inspirerende oggend!**

Is jy op soek na 'n kreatiewe en geestelike ervaring? Sluit aan by ons vir 'n oggend waar jy sal leer om prentjies op 'n houtstruktuur te mod podge en iets besonders te skep, terwyl jy die Heilige Gees toelaat om jou te lei.

**Wat kan jy verwag?**

Geen kunsvaardigheid nodig nie! Selfs al voel jy nie baie kunssinnig nie, is jy steeds welkom en sal jy die ervaring waardeer.

Deur gebed sal jy hoor watter prentjie die Here op jou hart plaas om op jou kunswerk te sit.

Alles wat jy nodig het, sal voorsien word – van kunstoerusting tot verversings

**Wanneer:** 8 Mei 2026
**Tyd:** 9h00 - 12h00
**Plek:** Bergsig Kerk
**Koste:** R100.00 per persoon (Insluitende kuns toerusting en verversings)

**Bespreek jou plek:**
Stuur 'n WhatsApp na Junita by **082 303 7330** of Liezl by **084 517 5397**.

Kom geniet 'n oggend van kreatiwiteit en geestelike groei. Ons sien uit daarna om jou daar te hê!




Vakansietye werk die steundienste span kliphard om die fasiliteite goed instand te hou.

Die binnehof se tafels is geskuur, geverf en vernis na baie jare.









Paasfees 2026

Lydensnagemaal



Lidmate word vriendelik ontvang



So seker as wat die son opkom weet ons dat Jesus Christus ons verlos het uit die dood.





Tannie Rentia Slabber het die Paasfees uitstalling gemaak vir die voorportaal.

Met dankbaarheid gevul oor Jesus se opstanding.







Die afvoerpype in die binnehof is vergroot om die water beter weg te lei. Die tuin rondom die boom is nuut aangeplant en uitgelê onder tannie Rentia se leiding.








**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810


SnapScan

Snap here to pay

scan to donate now

zapper

donate with

VISA

and many more

www.zapper.com